



TOULEIER

Dit lyk of ons helphoekie begin vorder!



IS dit globale verwarming, of is dit nou die ekstra vetjies wat my laat voel of hierdie winter nie wil byt kry nie? Ek praat nou namens ons outjies hier in die Suidelike Halfrond, want ek hoor Londen trek al klaar daar by die 26 grade rond. Reg vir Wimbledon.

Ou Ishmail wat elke Dinsdag vir my sy vrou se eie driehoekige koeliekoekies kom aflaai, is my dit eens. Die winter is nog nie hier nie, en as hy nie gou kom nie, kom hy nie dié jaar nie. Klaar.

Hy meen dat die bome nog te veel blare het. Ek moet saamstem. Te veel blare. Die bleddie goed val net gereeld genoeg om Kamermaatjie gedurig op my agterent te hê oor blare optel. Ek begin al hoe meer saamstem dat ons die boom moet afkap, net jammer ons mag nie.

Daar was lekker baie terugvoer oor my voorstel dat ons 'n soort van algemene uitruilsentrum aan die gang kry waar mens kan kom aflaai wat jy weet of wat jy het en waar ander weer kan kom vra vir inligting.

Ek gaan nou seker die wind van voor kry, maar ek wil tog voorstel dat dit nie net nog 'n plek word waar ons gaan hoor hoe sleg dit gaan nie. Kammanuus is juis daar om die ligter kant van die lewe uit te beeld. Daar is genoeg doemprefete wat sal sorg dat ons aanmekaar deeglik sal weet hoe die donker kant van die maan lyk.

Hier is 'n paar byvoorbeelde van die onmiddellike reaksies en navrae wat ingekom het. Nou moet ons nog net 'n naam daarvoor kry.

Reinette Engelbrecht stuur die een in:

- © Suid-Afrikaners in Kroasië. Is daar enige Suid-Afrikaners wat in Kroasië woon? Heidi 09385 34 411 027 Pakrac, Kroatia

Roy skryf uit Pretoria:

- © Ek ondersteun die idee heelhartig. Ek sal graag 'n plek wil hê waar ek kan kom aflaai wat ek nie meer nodig het nie.
- © Verder kan ons ook 'n vakante poste afdeling begin.

Barend skryf:

- © Ek weet darem nie of ek so graag vir mense wil vertel ek bly in een van die kusedorpie nie. Nie dat ek nou nie mense wil help nie. Dis net dat mense dit so maklik misbruik. Almal mos dink dat as jy in Bettiesbaai of Hermanus of Mosselbaai bly, dan hou jy heel jaar vakansie.

Halloo! Hy vertel verder van die weeskind wat sy hele lewe alleen was en toe deur harde werk vir hom 'n huisie kon bou langs die see. Die plekkie was skaars dakhoogte toe daag die eerste familie op.

Nou ja Kammalanders, ek weet julle weet, dis nie wat ons beoog nie. Ons gaan nie op mekaar se nekke lê nie, ons gaan mekaar help waar ons kan sonder om 'n pond vleis terug te verwag.

Soos die leser wat laat weet het sy het 'n lekker groot strandhuis aan die suidkus wat Kammalanders teen 'n baie meer as billike prys kan huur. So help die een hand mos die ander.

Hennie Greeff

GOMORRA, DUSKANTLAND

Uitgewer van Kammanuus



ROELFIE SLAAT RAAK

❑ Ses, of 'n halfdosyn?

Roelfie het so bietjie in die onlangse geskiedenis loop krap, en toe tref 'n paar dinge hom weer opnuut - soos dat Tafelenbedjie nie blind is, soos sommige mense wil beweer nie, nee:

- ⊙ Hy wou nie hoor toe geleerdes gesê het vigs is 'n wesentlike probleem nie.
- ⊙ Hy wou nie luister toe die hele wêreld hom vertel het dat Neef Moegapie kranksinnig is nie.
- ⊙ Hy wou nie hoor toe sy hoofvervolger hom - 23 keer, blyk dit nou - vertel het dat sy polisiehoof 'n kroek is nie.
- ⊙ Hy het geen ag geslaan toe kenners hom keer op keer wou oortuig dat ons kragentrales moet bou nie.
- ⊙ En nou het hy ook nie gehoor hoe 'n bende op sy ampswoning se dak rondloop en aluminiumkabels steel nie.

Dit beteken dat ons president nie blind is nie - hy is doof.

En wie gaan ons in sy plek kry?

- ⊙ 'n Man wie se temaliedjie "Bring my masjiengeweer" is.
- ⊙ Wat bier uit 'n vyfliter verfblik drink.
- ⊙ Wat so baie vroue het.
- ⊙ En gedink het 'n stortbad kan vigs voorkom.

► **Hoe sê hulle: Ses van die een, halfdosyn van die ander?**

❑ Komitees, krag en kamele

DIE ANC - wat op hul jisse gesit het toe hulle moes kragstasies bou en onderhoudswerk doen - gaan nou 'n nasionale energieberaad hou om die krisis te bespreek.

Vir Roelfie klink dit of hulle nog niks uit die hele gemors geleer het nie, want die probleem is juis dat hoogsbetaalde en onbekwame mense in berade rondsit, pleks dat hulle hul werk doen.

Want ons weet mos almal waarop so 'n beraad gaan uitloop, want berade en komitees rig selde iets van waarde uit. Ná al die vyfster-eterie, drinkery en rinkinkery gaan die een wat enduit wakker bly 'n vae, lomp verklarinkie uitreik oor hoe die krisis onder beheer is, ensovoorts.

► **Hulle sê mos nie verniet 'n kameel is 'n resiesperd wat deur 'n komitee geteel is nie.**

❑ Praat van onbekwaam . . .

ONSE prez is "diep bekommerd" - en met reg - oor die uitbarstings van vreemdelinge haat aan die Rand.

Maar Roelfie kan nie onthou dat hy al 'n woord gesê het oor plaasmoorde of die sinnelose moord, marteling en geweld waarmee diefstal deesdae plaasvind nie.

Dan is daar sy minister van binnelandse sake, wat die tonele van bloeiende, daklose en vermoorde mense besoek het.

Verklaar sy, ewe rustig, dis nie vreemdelinge haat nie. Nee, dis maar sommer net gewone misdaad. Onderwyl sy met haar stoelende agterstewe in haar duur motor met sy getinte vensters en lugreëling insukkel.

► **Is die vrou onnosel, of net harteloos en onbekwaam? Of dalk al drie?**

❑ Laat mens dink . . .

Wat het die Landbank, SAL, die SABC en Eskom gemeen? Hulle is almal in staatsbesit, en nie een presteer nie.

Allegaatjie

SKOOL : 1988 en 2008 - die verskil

SCENARIO	1988	2008
Piet en Jan raak by die skool in 'n geveg betrokke.	'n Groot groep seuns vorm rondom die twee, hulle slaan mekaar dik, skud hande en die volgende dag is hulle dik pelle.	Die polisie word ontbied en arressteer vir Jan en Piet. Alle selfone met video's van die geveg word as bewysstukke gekonfiskeer. Albei word van aanranding aangekla en geskors, al het Piet die moeilikheid begin. Die ouers word vir konsultasie ingeroep en die ander kinders wat die geveg gesien het, kry trauma-berading. Die video van die geveg is op YouTube beskikbaar.
Piet ontstig die klas want hy wil nie stilsit en stilbly nie.	Piet se gat word vuurwarm geslaan. Hy sit nog steeds nie stil nie want sy gat brand te veel, maar hy hou darem sy bek, voltooi matriek en word 'n goeie sakeman.	Piet word op Ritalin gesit want hy het een of ander hiperaktiewe neiging. Word 'n zombie. Word getoets vir ADD (Attention Deficit Disorder). Die juffrou sukkel haar gat af. Piet kan nie bybly nie en verlaat die skool ná standerd 6.
Jan gooi 'n klip en breek 'n ruit van die buurman se huis.	Jan se gat brand. Hy moet vir 'n week lank in die buurman se tuin werk.	Jan se gat brand. Sy pa word gearresteer vir kindermishandeling. Jan word in pleegsorg geplaas. Die sielkundige oortuig Jan se suster dat haar pa haar seksueel aangerand het en hul pa gaan tronk toe. Jan se ma en pa skei want sy het 'n verhouding met die sielkundige.
Piet druipe Engels op hoërskool.	Piet se gat brand. Hy moet ekstrap Engelsklasse loop. Hy slaag Engels goed en gaan universiteit toe.	Die onderwyser kry die skuld. Piet is getraumatiseer. Sy saak word deur 'n plaaslike menseregte-groep opgeneem, wat bepaal dat dit rassisties is om Engels 'n vereiste vak te maak. Dit raak 'n politieke storie en 'n saak word teen die skool en die onderwys-departement aanhangig gemaak. Engels word van die leerplan afgehaal. Piet slaag matriek goed, maar sny gras vir 'n lewe want hy kan nie Engels praat nie.

'n Liberaal is iemand wat voel hy skuld sy medemens iets, en dan probeer hy om dit met jou geld te betaal.

-- G. Gordon Liddy



Dié week se giggels



GOEIE BESIGHEID

Die man het gehoop dat sy seun eendag die familiesaak sal oorneem, en vertel hom wat van hom te wagte is.

"Seun," sê hy, daar is twee belangrike dinge in 'n suksesvolle besigheid. Dit is eerlikheid en versierendheid."

"Watter soort eerlikheid?" vra die seun.

"Maak nie saak wat gebeur nie - as jy 'n belofte gemaak het, hou jy daarby."

"En versierendheid?"

"Moet nooit beloftes maak nie."

HUWELIKSGEHEIM

Koos was besig om sy goue bruilof te vier toe 'n vriend hom vra hoe hy sy huwelik so lank aanmekaar gehou het.

"Wel," sê Koos, "toe ons getroud is, het ons 'n ooreenkoms gemaak dat sy al die klein besluitjies sal maak, en ek al die groot besluite.

"En weet jy wat? Ons het in 50 jaar nooit nodig gehad om 'n groot besluit te maak nie."

VERLOF

Die ware rede hoekom maatskappye hul werknemers elke jaar verlof gee, is om hulle te herinner dat die firma eintlik heel goed sonder hulle kan klaarkom.

HOE LANK?

Die Trans-Karoo se kondukteur het sy groen vlag oopgerol en die trein was op die punt om De Aar te verlaat.


Hy blaas op sy fluitjie en skree: "Almal aanboord vir Kaapstad!"

Net toe storm 'n jong man verby, gooi sy tas deur 'n venster en draai in sy spore om. Toe hy by die kondukteur verbyhardloop, skree hy: "Het ek tyd om my vrou te groet?"

"Wel," sê die kondukteur, "dit hang af. Hoe lank is jy al getroud?"

Oor die algemeen leer 'n mens niks as jou lippe beweeg nie.

Die Towenaar van Id deur Parker





MENSE en hul dinge

▣ Gevangene breek by tronk in

'N MALAWIESE hof het 'n oortreder tot 13 jaar tronkstraf gevonnissen nadat hy by die tronk waar hy reeds 'n vonnis uitgedien het, ingebreek het om wapens en ander toerusting te steel.

Hy het by die tronk ingebreek enkele dae nadat hy ontslaan is. Hy het ses jaar vir diefstal uitgedien.

Soko het twee gewere, drie stelle handboeie en 'n kommunikasieradio gesteel. Hy is in hegtenis geneem toe hy probeer het om die radio te verkoop.

▣ Verkeerde wyn

TWEE vroue het in die hospitaal beland nadat 'n eetplek in Nieu-Seeland per abuis skottelgoedopwasser as gekruide wyn voorgesit het.

Die restaurant het skuld beken op die klag dat daar natriumhidroksied in die glas was. Die klant het die vloeistof uitgespoeg toe sy 'n brandende sensasie in haar mond en op haar lippe gekry het.

'n Kelnerin het aangebied om die "wyn" te toets, en het dieselfde sensasie ondervind.

▣ Britte verslind nou eekhorings

Die grys eekhorning is klaarblyklik besig om 'n lekkerny in Brittanje te word. *The Observer* het selfs 'n resep gepubliseer wat sy lesers wys hoe om eekhorning-pastei te maak.

Die diertjie se vleis is laag in vet en plaaslik bekombaar, wat beteken dit hoef nie ingevoer te word nie. Volgens diegene wat dit al geëet het, is die vleis soet en sappig en proe dit soos 'n kruis tussen eend en lam. Al klagte is dat die vleis maar dun om die been is.

Volgens die direkteur van 'n winkelsentrum in Cornwall, mnr. Dave Simpson, vlieg die produk van die rakke sedert hulle dit twee maande gelede begin verkoop het. "As ons 'n dosyn per dag op die rakke plaas, word dit alles verkoop."

Geen Kammanuus?

Eendag is eendag, en dan gaan jy agterkom dat jy darem lanklaas 'n uitgawe van Kammanuus ontvang het.

En dit gaan alles jou eie skuld wees!

Daar is net twee redes vir so 'n gebeurlikheid:

1. Jy het nie jou adresverandering self ingevoer of ons daarvan laat weet nie.
2. Die instansie wat Kammanuus vir ons versprei, "verloor" soms 'n bestaande adres, of dit word verwyder omdat hulle nie daarin slaag om dit by jou af te lewer nie.

[Dit weer kan die oorsaak wees van 'n soort paranoia wat sommige diensver-skafters of werkgewers het vir virusse of gemorspos.]

WAT MOET JY DOEN?

Gesels met ons: Maak vroegtydig voorsiening vir 'n verandering van adres.

En SKRYF en KLA as jy nie jou Kammanuus kry nie!



MAKERIEPAS!

Stories uit die weermag

Mosdop se kortsigtigheid

Deur Kanonsersant Bt 67229385 HJ Greeff

Een van die hoogtepunte van my nege maande opleiding in Walvisbaai was die keer toe ons opgeruk het na die Outjo omgewing, noord van Windhoek, om te gaan oefen hoe 'n mens binnelandse beveiliging doen.

Nou nie juis oor die oefening self nie, maar eerder omdat ons vir 'n slag kon wegkom uit die woestyn met sy ewige sand en stof. Ons het ook vooraf gehoor dit sou op 'n boer se plaas wees, en gou was daar gerugte oor die talle mooi dogters wat hy kwansuis sou hê.

Ons kon nie wag nie. Die Bedford waarin ek was, is bestuur deur 'n drywer met die bynaam Mosdop. 'n Mosdop is die plastiekhelm wat troepe aldag en heeldag moet dra. Gevorm soos die Duitsers se oorlogshelm, pas hy binne die ware jakob, wat 'n mens slegs dra wanneer jy ernstig raak oor oorlog speel en met lewendige ammunisie werk.

Só 'n meneer is beter bekend as 'n staaldak.

Kanonnier Oosthuizen het die bynaam gekry weens sy kortgatgeit en die effe gebukte stoeier-boggeltjehouding waarmee hy geloop het. Kompleet soos 'n skilpad, of nog beter, nes 'n mosdop.

Mosdop kon skaars oor die Bedford se neus sien weens sy gebrek aan lengte. Hy was egter heel in sy element in die woestyn, want mens kan mos myle rondom jou sien. In die bos was dit egter 'n heel ander storie, soos dit later sou blyk.

Met ons aankoms in die ruie en beboste wêreld, word ons rantsoenpakkies uitgedeel en vertel ons mag glad nie was of tande borsel vir hele duur van die oefening nie.

Ons word in groepe opgedeel en in verskillende dele van die plaas afgelaai, met die instruksie dat ons ander groepe moet opspoor en gevangene neem sonder om self betrap te word. Cowboys en Indiane op 'n groot skaal.

Die eerste dag of twee was dit maar moeilik om glad nie te was nie want dit raak maar ongemaklik en skawerig hier in die lieste. Maar vasbyt is mos die troep se kredo.

Ons byt vas en raak so vuil soos wat mens as laaitie altyd wou word, maar wat jou ma nooit toegelaat het nie. Gelukkig het ons saam vuil geword.

Dis soos saam knoffel eet, 'n mens ruik dan mos nie die ander een se klank nie. Glo my, ek kan vandag getuig dat 'n mens 'n skoon persoon amper 'n 600 meter ver kan ruik as die wind reg waai.

Een van die meer verfynde manne in 'n ander groep het besluit hy gaan skelm tande borsel. Aan sy reuk alleen het ons hulle groepie kon opspoor en gevange neem.

Op die laaste dag kom die Bedfords ons haal. By die rendezvous-punt kom vra die kaptein vir Mosdop waar hy nog in sy Bedford sit, of hy al ses die boer se hekke weer agter hom toegemaak het.

"Daar was net vyf kaptein" Kom die antwoord.

"Is jy seker Oosthuizen?" vra die Kaptein weer. "Ja, Kaptein."

Kaptein Pottie laat die kortgat Mosdop toe uitklim en voor om die Bedford stap. Daar, oor die neus van die lorry, is die sesde hek toe mooi gedrapeer!



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Een van die suksesvolste afdelings op Onsdorp se webwerf is die Stamboom-afdeling. Daar gaan plaas mense die familienaam wat hulle wil navors. Ander met dieselfde van maak dan kontak met hulle, en so vorder die navorsing aan beide kante. Onsdorp verskaf net die forum, die werk word deur die mense self gedoen.

Soos nuwe name en navrae bykom, plaas ons sommige van hulle in die *Kammanuus*. Jy as leser (veral as jy dieselfde van of nooiensvan het) kan dan kyk of jy kan help met meer inligting.

Gaan gerus na Onsdorp en kyk of jou familienaam ook daar verskyn. Wie weet, dalk byt die gogga jou ook!

Die skakel is: www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord: - *boomstam* – moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is vandeeweek 'n interessante skrywe oor die VENTERS deur een van Kammanuus se lesers:

Wie wil help met die Venter-projek?

My Kammalander-vriend in Witrivier, Johann Venter, is ook my kleinneef (x8?). Ons is deelnemers aan die 'Venter Surname DNA Project' van Robert Venter, van Kalifornië. Robert, wat 'n Amerikaanse Venter is, het sy eie webtuiste wat via Google bereik kan word dmv. die woorde 'Robert Venter Genealogy'.

Daar is tot dusver 5 SA Venters wat deelnemers is aan Robert se Projek, en wat feitlik presies dieselfde DNS-patroon het. Dit is 'n bewys van ons bloedverwantskap - ons is 3 Duskantlanders en 2 Anderkantlanders.

Om statisties-geldige afleidings uit ons DNS-toetsuitslae te kan maak, sal ons graag wil hê dat daar nog meer SA Venter-deelnemers sal wees - ook Van Deventers van SA en Nederland.

Aan die begin van ons ondersoek, was ons eerste doelwit om te bepaal of daar 'n bloedverwantskap is tussen SA Venters en VSA/Duitse Venters - mense soos Robert. Die Y-chromosoom DNS-ontledings het egter aangetoon dat ons nie aan hulle verwant is nie. SA Venters behoort tot haplogroep R1a, en die ander Venters is R1b1's.

Ons 5 SA Venters kan ons stamboom, langs die vaderlike (Venter) linie, terugvoer tot by ons SA stamvader, Hendrik Conrad Venter (voorheen Heinrich Conrad von Dempster, van Hameln, Duitsland), en dan ook verder terug tot by Hendrik van Deventer, wat in 1550 in Oldenzaal in Nederland gebore is.

Ons sal ons stamboom selfs verder die verlede in wil kan navors, maar dit lyk of die 'spore' begin doodloop - bv. doopregisters is eers in 1641 in Oldenzaal in gebruik geneem.

Ons hoop is nou daarop gevestig dat ons dalk 'n verwantskap met Nederlandse Van Deventers sal kan bewys, en dat indien ons wél aan hulle verwant mag wees, hulle 'n stamboom het wat verder teruggaan as tot by 1550.

Tot dusver lyk dit egter nie of hulle juis deelneem aan DNS-Projekte nie, en die enigste Van Deventer-deelnemer aan Robert se Projek is, soos hy, 'n R1b1.

Ons ondersoek het nou 'n interessante wending geneem toe dit uitgekom het dat SA Venters 'genetiese neefs' het met vanne soos Wroblewski, Brandt en Holodiloff. Hulle is Amerikaners en is afstammeling van immigrante vanaf Pole, Pruisie en Rusland. Ons vermoed dat hierdie klaarblyklike verwantskap kan dui op kontakte tussen ons onderskeie voorouers tydens die bestaan van die Hansa-Verdrag, toe daar noue bande was tussen Nederland en Pole.

Ons moet alle moontlikhede ondersoek in ons navorsing oor die oorsprong van die Venters, en dit sluit ook in dat ons DNS-ondersoeke sal doen.

So, hoe lyk dit? Wil 'n paar van ons Venter- en Van Deventer neefs nie dalk ook deelneem aan die Projek nie? Die wêreld het mos 'n Onsdorp geword, en ons wil ook nouer kontak hê met mense soos ons genetiese neefs.

Belangstellendes kan my kontak by pr.venter@lantic.net.

Groetnis!
Piet Venter



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

SKRYF AAN: pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp.

Briewe word onveranderd geplaas.

Sommige dinge lol maar in Kiwi's se land!

ALIDA REDGARD, Auckland:

Nadat ek vanoggend dou voor dag vir Hennie raakgeloop het op die internet, is ek ook lus en gooi 'n stuiwer in die armbeurs met my ervarings hier in Kiwiland. My man is nou 8 maande hier en ek 5 maande. Ons begin nou lekker hier in te burger. Het onlangs 'n huisie aangeskaf. My man is nie so sosiaal en emosioneel soos ek nie, en het sommer woerts-warts aangepas.

Nadat ek so 2 maande lank werkloos was, kry ek toe werk in 'n call centre. Heel nuwe veld vir my, maar is tog te dankbaar vir die ou werkie. Ek werk vir 'n glasmaatskappy, iets soortgelyks aan PG glass. Ek is verantwoordelik om die "claims" te "validate".

Somtyds moet ek ook met die klient skakel as die voertuigregistrasie nie op die polis by die versekering verskyn nie, en ander dergerlike navrae. Nou hier begin die sports nou. Sommige van die Kiwis het 'n swaar aksent, die plekname is hoofsaaklik Maori name, so om te verstaan wat gesê word, of hoe plekname uitgespreek word, is soms 'n tameletjie.

Na die tyd is dit natuurlik baie snaaks as ek my blapse aan my kollegas vertel. So byvoorbeeld is daar 'n plek Papatoetoe wat ek toe tipies "pappa-toe-toe" uitspreek, in plaas van "pappa-tou-ie-tou-ie". Natuurlik word aan die anderkant van die lyn verbysterd gevra "what did you say" en dan spel ek maar, en word reggehelp. Ek is darem nie die enigste wat kleitrap met die uitsprake nie, hoor toe nou die dag die Kiwis spreek "Fouche" uit as "foesh" en Piet word uitgespreek as "pie-et".

Natuurlik word ek ook gereeld gevra "are you from South Africa" en as ek bevestig, word daar sommer verder in Afrikaans besigheid gedoen en gesels asof ons ou vriende is. Van waar in Suid Afrika is julle, hoe lank is julle al hier, hoe pas julle aan, aan watter kant van die brug bly julle (hier is hoofsaaklik twee gebiede wat die Suid Afrikaners verkies), is van die mees algemene vrae.

In die winkels is dit ook 'n nagmerrie aan die begin, vreemde produkte en met die eerste oogopslag lyk dinge verskriklik duur. Mens is geneig om alles Rand toe te wil oorskakel (R18-R30 vir sekere soorte brood!). Ek verkies om net my oë toe te knyp en die basiese kosse in te laai, mens moet tog eet.

Hier is heelwat South African Shops waar mens mieliemeel, Koffiehuis, speserye, NikNaks, Black Label en alles en nog wat ten duurste kan koop as mens nou regtig "home sick" raak.

Dus om op te som : al die basiese lewensbeginsels van verdien en betaal is hier ook van toepassing. Kultuurverskille is daar maar ook, maar word hoofsaaklik makliker aanvaar en nie in mens se keel afgedwing nie, daar is nie karwagte nie, en ook nie iemand by die verkeersligte wat veroorsaak dat mens die ruit in 38 grade celsius inderhaas moet opdraai as jy moet stop nie.

My hart hunker nog gereeld na Suid Afrika, maar omdraai kan en wil ek nie, waarnatoe in elk geval? Dis jammer dat mens so half gedwonge gevoel het om maar op te pak, want ek sal nou nie juis sê ek is vreeslik avontuurlik, en wou graag 'n arm en 'n been opoffer om van voor af te begin in 'n vreemde land nie.

Vir almal van julle wat nog daar is, ek dink aan julle, verlang baie na al die bekende dinge, vriende en familie.

So ter afsluiting, hoor die Bulle probeer vir Mugabe as afrigter kry.....dan hoef die uitslag van die wedstyd darem nie bekend gemaak te word nie.....

Waar's my Kammanuus?

PAUL DUMINY, Duskantland:

Hoewel ons weer terug is in die RSA, tussen familie en vriende, is daar is nou 'n groot leemte in ons huis omdat ons die afgelope maande al nie die kammanuus ontvang nie!

Ek het wel my 120 betaal in 2007 maar het geen aanmaning ontvang vir 'n herhaling nie: Bestaan Kammaland nog en kan mens nog die nuusbrief ontvang? Laat weet asb!

© **Ons verwys ook elders in Kammanuus na hierdie soort klagte.**

Liewe lesers: die onus is op julle om te kla as die stroompie Kammanuus na julle toe opdroog.

Ons het 'n verskaffer wat die duisende nuusbriewe uitstuur, en dis heeltemaal onmoontlik vir ons om boek te hou wie s'n bons en wie s'n word afgelewer.

Dus: Skryf en kla as joune nie opdaag nie - dis al wat gaan help!

Laat weet ook as jou adres verander, of bring self die verandering aan.

En let tog ook daarop dat ons net met Kammanuus kan voortgaan as daar genoeg betalers is. Die volgende betaalslag vir die meeste van julle is weer in AUGUSTUS.

En as jy dalk 'n niebetalende leser is: Hoe lyk dit? Wil jy nie ook maar jou paar aalmoese in die mandjie gooi nie? Skryf aan pos@onsdorp.com

Jannie wil van sy pa weet wat politiek is

Ingestuur deur Hendrik van Staden

"Nou goed dis hoe dit werk, sê sy pa:

"Ek verdien geld, dus is ek die Kapitalis. Jou ma administreeer die geld wat ek inbring, dus is sy die Regering.

"Jou Ouma hou alles wat hier aangaan fyn dop, dus is sy die Vakunie.

"Ons huishulp is die Werkersklas. Ons wil almal vir jou gelukkig hou, dus is jy die Publiek. Jou noetie wat nog doeke dra en in die kot is, is die Toekoms."

Die volgende oggend se Jannie vir sy Pa: "Ek het nou mooi gedink oor wat pa gesê het, en nã gisteraand verstaan ek dit nou beter."

"Wat het dan gisteraand gebeur?" wil sy pa weet.

"Boetie het gehuil omdat sy doek vuil was. Ek het vir mamma gaan roep, maar kon haar nie wakker kry nie. Toe besluit ek om die Huishulp te roep maar sy en pappa was besig in haar bed.

"Ouma het by die venster gestaan en afloer. Ek het geroep, maar nie een van julle het my gehoor nie."

"Maar nou verstaan ek: die Kapitalis misbruik die Werkersklas, terwyl die Regering slaap. Die Vakunie kyk toe, maar doen niks daaromtrent nie. Die Publiek word geïgnoreer, terwyl die Toekoms in die k—k is!"

Die huwelik is die natuur se manier om te voorkom dat mense met wildvreemde bakte.

Firmas laat hul personeel toe om verlof te neem, net sodat hulle kan sien dat die firma sonder hulle kan klaarkom.

As jy ontevrede is en na jou jeug terugverlang - dink aan Algebra.

AGTEROS

Dr. Phil se raad vir kalmte werk!

KYK nè, ek kyk nie sommer "voel goed" programme soos Oprah, Dr. Phil, Ricki Lake ensovoorts nie. Maar nou die dag, te midde van my daaglikse Kanaalssprong, kom ek op Dr. Phil af (ek het 112 televisiekanale en almal wys net 'n klomp gemors).

Ek deel hierdie met julle omdat ek weet dat dit werk en omdat almal seersekerlik kan doen met 'n bietjie kalmte in ons lewens. Deur 'n eenvoudige raad te volg wat ek by Dr. Phil op sy TV program gehoor het, kan jy ook nou 'n kalmte van gees ontwikkel en kans sien vir dinge waarvoor jy normaalweg nie kans gesien het nie.

Dr. Phil se raad was die volgende: "The way to achieve inner peace is to finish all the things you have started and have never finished."

Dit is toe net daar dat ek die daad by die word voeg en die huis invaar op soek na daardie dinge wat ek begin het en nie klaargemaak het nie.

Die eerste ding wat ek raakloop is 'n kwart bottel brandewyn en ek maak korte mette daarvan -- rustig op die rusbank.

Daarna kry ek in die yskas 'n halwe pak gekerfde biltong, en al kouende soek ek verder. 'n Halwe bottel Amarula is die volgende stuk terapie wat ek raakloop.

Die stuk melktert wat al dae in die yskas is, help verder om my kalmte op koers te kry, en vier koue biere gee my genoeg kalmte en selfvertroue om die halwe bottel whisky aan te tree.

Ek rond die terapie af met 'n derde van 'n bottel Old Brown Sherry.

Kyk, toe was ek darem vir jou in 'n goeie bui -- en so kalm soos 'n volstruis met slippers aan.

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 2 JUNIE